higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ALGEMENE GASVRYHEID
NKR VLAK 4

15 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	D	(2)
	1.1.2	C	(1)
	1.1.3	B	(1)
	1.1.4	C	(1)
	1.1.5	B	(1)
	1.1.6	A	(1)
	1.1.7	D	(2)
	1.1.8	C	(1)
			(10)

1.2	1.2.1	Waar	
	1.2.2	Onwaar	
	1.2.3	Onwaar	
	1.2.4	Waar	
	1.2.5	Waar	
	1.2.6	Onwaar	
	1.2.7	Waar	
	1.2.8	Onwaar	
	1.2.9	Waar	
	1.2.10	Onwaar	
	1.2.11	Onwaar	
	1.2.12	Onwaar	
	1.2.13	Onwaar	
	1.2.14	Waar	
	1.2.15	Waar	
		(15 × 1)	(15)

1.3	1.3.1	D	
	1.3.2	C	
	1.3.3	B	
	1.3.4	F	
	1.3.5	A	
		(5 × 1)	(5)

1.4	1.4.1	Halaal	
	1.4.2	Indiensopleiding/Ontwikkelingsberading	
	1.4.3	Lakto-ovo-vegetariërs	
	1.4.4	Prestasie-ontwikkelingsplan	
	1.4.5	Faktormetode	
	1.4.6	Departement van Arbeid/DvA	
	1.4.7	Tydraamwerk	
	1.4.8	Terugvoer	
	1.4.9	Prestasiebeoordelings	
	1.4.10	In diens	
		(10 × 1)	(10)

Kopiereg voorbehou

1.5 1.5.1 E
1.5.2 A
1.5.3 F
1.5.4 B
1.5.5 C

(5 × 1) (5)
[45]

TOTAAL AFDELING A: 45

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Om werk te kry as 'n sjef de partie (1)

2.1.2

VOORDELE VOLTYDSE STUDIES	**NADELE VOLTYDSE STUDIES**
• Sy sal meer tyd hê om op haar studies te fokus en sal haar nie oor werksverpligtinge hoef te bekommer nie. • Sy sal meer gereelde toegang tot haar dosente en hulpbronne op kampus hê terwyl sy voltyds studeer. • Sy kan vinniger haar kursus voltooi. • Voltydse studente kry gewoonlik meer finansiële hulp as deeltydse studente. • Sy het meer buigsaamheid met haar vryetyd om dinge te doen wat sy sal geniet. • Enige toepaslike antwoord	• Dit kan duurder wees as deeltydse studies. • Dit laat min tyd toe om te kan werk. • Sy sal nie persoonlike klasse/lesings wat op die bord aangebied word, kan benut wanneer sy die werk tuis moet hersien nie. • As sy persoonlike klasse bywoon, sal sy elke dag kollege toe moet reis of naby moet woon, want dit kan vir haar baie duur wees om te reis. • Enige toepaslike antwoord
VOORDELE DEELTYDSE STUDIES	**NADELE DEELTYDSE STUDIES**
• Sy kan voltyds werk terwyl sy deeltyds studeer. • Sy kan 'n inkomste genereer en studeer. • Sy kan blootstelling in die bedryf kry terwyl sy studeer. • Dit kan goedkoper wees as voltydse studies. • As die klasinhoud opgeneem en aanlyn opgelaai word, het sy	• Haar tyd is verdeel tussen werks- en studieverpligtinge. • Klasse is dalk laat saans, so sy kan dalk te min slaap, wat haar prestasie kan beïnvloed. • As sy laat werk, kan dit 'n veiligheidsrisiko wees om huis toe te gaan. • Sy het dalk beperkte toegang tot haar dosente.

daartoe toegang in haar eie tyd, wat haar help om haar lesse deur opnames te hersien. • Dit gee haar die buigsaamheid om haar tyd te bestuur. • As dit aanlynklasse is, hoef sy nie naby die kollege te woon nie en haar reiskoste sal minder wees. • Sy kan meer onafhanklik wees weens haar finansiële vryheid. • Sy sal meer verantwoordelik en gedissiplineerd word. • Die ervaring sal beslis goed lyk op haar CV.	• Sy kan sosiale kontak met vriende misloop as gevolg van haar beperkte tyd op kampus en haar werksverpligtinge. • Haar werkgewer kan dalk vir haar 'n skof skeduleer wat met haar klasskedule bots. • Nie alle kursusse word deeltyds aangebied nie. • Minder praktiese sessies sal tydens deeltydse studies aangebied word.

(4 × 2) (8)

2.1.3

STERKPUNTE	**SWAKHEDE**
• Nog jonk • Ervaring in die bedryf • Betaal aan studies • Fluks	• Tydsbestuur • Sukkel om studies en deeltydse werk te balanseer • Nie finansieel stabiel nie • Het nie 'n kwalifikasie nie
GELEENTHEDE	**BEDREIGINGS**
• Ingeskryf by The International School of Cooking en kan haar kursus per korrespondensie doen • Werk na die voltooiing van NS(B) V4-kwalifikasie • Deeltydse werk by Yin Yin Restaurant	• Werksgeleenthede sal beperk wees as sy nie haar kwalifikasie voltooi nie • Moet moontlik snags reis • Te min slaap, wat haar studies kan beïnvloed • Siek word

(Enige relevante 4 × 1) (4)

Kopiereg voorbehou

2.1.4
- Sy kan ’n aanlyn-/selfoonkalender of ’n aanlynselfoontoepassing gebruik om te beplan✓ vir haar komende projekte, toetse en werksdae.✓ Sodoende sal sy nie enige projekte, toetse of werksdae misloop nie,✓ op hoogte van haar studies bly✓ en nie haar werk op die spel plaas nie.✓
- Sy kan alarms stel om haar aan belangrike datums✓ wat voorlê✓ te herinner, sodat sy nie belangrike aktiwiteite misloop nie✓ en haarself genoeg tyd gee om dit te voltooi.✓
- Sy kan die kollege se LMS/webwerf se dagboektoepassings/-programme gebruik.✓ (Enige relevante 4 × 1) (4)

2.1.5
- Om haar NS(B) V4-kwalifikasie te verwerf
- Om vir deeltydse studies te registreer om haar kwalifikasie te voltooi (Enige relevante antwoord) (1)

2.2 2.2.1
- Toesighouer,✓ hoofsjef✓ of iemand aan wie sy rapporteer,✓ aangesien hierdie persoon haar direkte toesighouer is✓ en by haar ontwikkeling betrokke sal wees✓ (3)

2.2.2
- Om aan Angela te kommunikeer wat hulle (toesighouers) tydens die drie-maande-proeftydperk waargeneem het, sodat sy kan weet wat sy reg doen en waar sy moet verbeter
- Stel ’n positiewe en konstruktiewe omgewing daar om Angela se swakhede op ’n positiewe manier te bespreek om haar aan te moedig om in die toekoms harder daaraan te werk
- Om ’n geleentheid te skep vir Angela en haar toesighouer om dinkskrums te hou om oplossings te kry en enige swakhede reg te stel
- Sodat Angela en haar toesighouer oor opvolgbesprekings en/of regstellingstappe wat geneem kan word, kan ooreenkom (3)

2.2.3 Kwartaalliks of jaarliks (1)

2.2.4
- Dit sal Angela help om enige vaardighede te verbeter wat nodig is om haar werk beter te doen.
- Dit sal haar help om meer gefokus te bly op haar ontwikkelingsproses, want ’n ontwikkelingsplan word eenvoudig uiteengesit om aan te dui watter vaardighede sy moet verbeter, teen wanneer, wie sal help en hoe om dit te bereik. (3)

Kopiereg voorbehou

2.3

EMOSIONELE INVLOED	FISIESE INVLOED	FINANSIËLE INVLOED
• Om in 'n gewelddadige situasie te reis, kan haar prestasie by die werk emosioneel beïnvloed, wat haar onproduktief✓ en dalk gedemotiveerd kan maak om aan haar geïdentifi-seerde verbeterings te werk.✓ Dit kan haar spannings-vlakke beïnvloed,✓ en dit kan ook haar motivering beïnvloed✓ om te gaan werk of om haar prestasie by die werk te verbeter.✓	• Om in 'n gewelddadige situasie te reis, kan ook veroorsaak dat sy fisies seerkry, dalk so seer dat sy nie sal kan gaan werk nie✓ en dit sal haar werksprestasie en moontlike verbeterings waaraan sy moet werk, beïnvloed.✓	• Weens die taxi-staking sal sy dalk nie kan gaan werk nie en sommige maatskappye sal haar dalk nie betaal nie,✓ wat haar finansies en die vermoë om by die werk te kom, kan beïnvloed omdat sy dit nie kan bekostig nie.✓

(Enige 3 × 2) (6)

2.4
- Sy sal ondersteuning van bestuurders moet vra✓ en hulle bewus maak van die probleem wat sy het.✓
- Sy kan dalk nuwe opleidingsgeleenthede kies✓ of die bestaandes aanpas.✓
- Sy kan die tyd wat toegewys is om haar doelwitte te bereik, verleng.✓
- Sy kan ander reisgeleenthede oorweeg of haar daarmee vertroud maak, om taxi's te vermy en dus geensins haar ontwikkelingsplan sal hoef aan te pas nie.✓
- Sy kan by 'n familielid of vriend woon wat nader aan haar werk is, sodat sy kan stap en dus haar plan in die toegewese tydraamwerk sal kan voltooi.✓ (5)

2.5
- Prioritisering van haar aangepaste verbeteringsplandoelwitte
- Haarself voortdurend evalueer om seker te maak dat sy nog op die regte pad is (1)

[40]

VRAAG 3

3.1.1 Veganiste sal nie van hierdie spyskaart af eet nie,✓ want hulle eet niks van diere-oorsprong nie,✓ en hierdie spyskaart bevat diereprodukte soos hoender, melk, room en botter.✓ (3)

Copyright reserved

3.1.2 Jode sal nie van hierdie spyskaart af eet nie,✓ want in die Joodse geloof mag vleis nooit saam met suiwelprodukte bedien word nie.✓ Die hoendersop en à la koning bevat beide suiwel en vleis saam.✓ Kaaskoek en hoender kan ook nie op een spyskaart verskyn nie✓ (vleis en suiwel kan nie saam bedien word nie). (3)

3.1.3 Iemand wat 'n laevetdieet volg, sal nie van hierdie spyskaart af eet nie,✓ weens die volgende redes:

- Die spyskaart bevat nie genoeg vesel nie.✓
- Die kaaskoek bevat baie vet✓ en suiker.✓
- Die hoenderroomsop bevat room, wat vet bevat.✓
- Die hoender à la koning bevat melk of room, wat vet kan bevat.✓
- Die broccoli en kaassous bevat room en kaas, wat baie vet bevat.✓
- Die noedelslaai bevat baie suiker of mayonnaise of pesto, wat nie vir hierdie dieet geskik is nie. (3)

(9)

3.2 3.2.1 Tipe bedryf: Restaurante, hospitale, ouetehuise en kafees/koffiewinkels kan hierdie spyskaart gebruik✓ omdat hulle die vaardige personeel,✓ toerusting,✓ stoorplek✓ en sitplek het om hierdie spyskaart te akkomodeer.✓ (3)

3.2.2 Vaardigheidsvlak van kombuispersoneel: Die vaardigheidsvlak van personeellede kan wissel van basiese sjefassistent tot hoofsjef.✓ Die enigste kos wat meer vaardigheid vereis, is die kaaskoek,✓ dus kan enige sjef hierdie spyskaart kook.✓ (3)

3.2.3 Herhaling van kommoditeite: Hoender word twee keer in die spyskaart herhaal.✓ Die gebruik van melk en room word vier keer in die spyskaart herhaal.✓ Kaas word in die hoof- en nagereg gebruik.✓ Twee stysels word in die hoofgereg gebruik.✓ (4)

3.2.4 Kleur: Die voorgereg, hoofgereg en nagereg bevat almal die kleur wit.✓ Wit word vier keer in die hoofgereg herhaal✓ – hoender à la koning, gestoomde rys, kaassous en noedels.✓ Die broccoli is groen.✓ Die bessiesous is rooi.✓ Dit beteken dat die spyskaart met betrekking tot kleurverskeidenheid nie gebalanseerd is nie.✓ (3)

3.2.5 Seisoensbeskikbaarheid: Die meeste van die bestanddele wat benodig word, sal heel jaar beskikbaar wees✓ en sal nie meer kos om dit regdeur die jaar te koop nie.✓ Die enigste bestanddele wat nie deur die jaar beskikbaar sal wees nie, is die bessies en die broccoli.✓ Wanneer dit nie in seisoen is nie, sal dit duurder wees.✓ (3)

(16)

3.3

- Berei 'n proebord van die kaaskoek voor om dit aan die personeel bekend te stel.
- Wys die personeel hoe om die kaaskoek voor te berei deur die korrekte toerusting, prosedures en garnering vir die kaaskoek te gebruik. (4)

Kopiereg voorbehou

- Laat die personeel toe om die kaaskoek te proe.
- Laat die personeel toe om die kaaskoek onder toesig te maak.
- Gee die personeel terugvoer oor die kaaskoek wat hulle voorberei het.
- Maak seker dat die personeel die kaaskoek volgens die vereiste standaard en bediening kan maak. (Enige 4 × 1)

3.4 3.4.1
- Gebruik sosiale media soos WhatsApp-video-oproepe tydens die opleiding, sodat die personeel wat afwesig is, die opleiding intyds kan kyk.
- Gebruik die Microsoft Teams-aanlynvergaderingsprogram tydens die opleiding, sodat die personeel wat afwesig is, die opleiding intyds kan kyk.
- Gebruik Zoom aanlyn tydens die opleiding, sodat die personeel wat afwesig is, die opleiding intyds kan kyk.
- Gebruik Skype tydens die opleiding, sodat die personeel wat afwesig is, die opleiding intyds kan kyk.
- Skep en stuur die video's wat tydens die opleiding deur die sjef gemaak is, deur sosiale media aan personeel.

(Enige 2 × 1) (2)

3.4.2 Die personeel sal nie die vaardighede en kennis hê om die kaaskoek voor te berei nie,✓ wat die kwaliteit van die kaaskoek wat gemaak word, sal beïnvloed.✓ Kliënte kan teleurgesteld wees in die nagereg wat hulle kry✓ en kla.✓ Dit kan tot gevolg hê dat die kliënte die besigheid slegsê.✓ Die besigheid kan kliënte✓ en winste✓ verloor, wat daartoe kan lei dat die besigheid sluit✓ en poste verlore gaan.✓ (3)

3.5 3.5.1 Dit moet gedoen word om seker te maak dat die personeel van die dis weet en dit volgens die verwagte vlak van die maatskappy kan bedien.✓ Dit sal verseker dat kliënte ingelig is van die bestanddele wat gebruik is✓ en hoe dit voorberei is.✓ Hulle sal ook tevrede wees met die diens✓ en kom dalk terug na die onderneming.✓ (3)

3.5.2
- Benoem die dis en verduidelik die betekenis indien nodig.
- Beskryf die bestanddele wat in die kaaskoek en die sous gebruik is.
- Verduidelik hoe dit voorberei, in porsies verdeel en voltooi is.
- Sê watter drankies die nagereg aanvul. (Enige relevante 3 × 1) (3)

[40]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Ja/Nee✓ (1)

4.1.2 Ja:
- Mense wil nie uitgaan wanneer hulle siek is nie.✓
- Mense het dalk nie vervoer om die items te gaan koop nie.✓
- Mense is bang om winkels toe te gaan.✓

(3)

Kopiereg voorbehou

- Mense kan hierdie items na hul familie in ander provinsies stuur.✓
- Dit kan die lewe vir mense makliker maak.✓

Nee:
- Mense het dalk nie geld vir hierdie diens nie.✓
- Mense wil spesifieke handelsname kies.✓
- Mense is bang vir kredietkaart- of aanlynbedrog.✓
- Mense verkies dalk om slegs kontant te betaal.✓

(Enige ander relevante antwoorde)

4.2
- Hy sal nie baie tyd vir homself hê nie.
- Daar is baie kompetisie vir die besigheid wat hy beplan.
- As hy self die items aflewer, kan hy met iemand in aanraking kom wat COVID-19 het.
- Hy het dalk nie die regte vaardighede en hulpbronne nie.
- As gevolg van stygende voorraadpryse en die koste van koerierdienste en brandstof, sal dit dalk duur wees om die besigheid te begin en te bestuur. (5)

4.3
- Besoek webwerwe soos www.sacaronavirus.co.za, News24 en Higher Health.
- Kyk na wat in die media aangaan – televisie, tydskrifte en koerante.
- Praat met mediese kundiges.
- Bestudeer sosialemediaplatforms oor COVID-19.
- Raadpleeg sakepublikasies.
- Bestudeer oorsese produkte. (Enige relevante 3 × 1) (3)

4.4
- Dit sal hom help om seker te maak dat hy veilig bly terwyl hy die sorgpakkette aflewer.
- Dit sal verseker dat hy die korrekte protokolle volg wanneer hy die items vir die sorgpakkette koop, verkry en verpak.
- Dit sal hom help om te besluit watter items die kliënte in hul sorgpakkette sal wil hê.
- Hy kan dit vir sy bemarking of afleweringsnotas gebruik om sy voornemende kliënte ingelig te hou.
- Dit sal help om ’n beter begrip van COVID-19-gesondheids- en veiligheidsreëls te hê.
- Dit sal hom ook help om seker te maak dat sy perseel en moontlike verskaffers die gesondheids- en veiligheidsreëls nakom wanneer hulle sy maatskappy besoek of daar aflewer. (5)

4.5
- As die betroubaarheid en akkuraatheid van die inligting verkeerd is, kan dit ernstige regsprobleme veroorsaak.
- Hy kan ander onopsetlik aansteek.
- Hy kan kliënte verloor as gevolg van onopsetlike infeksie.
- Hy sal ’n indruk skep wat sy onkunde of onvermoë om te beoordeel wat reg of verkeerd is, wys.
- Mense sal hul geld wil terughê.

Kopiereg voorbehou

(5)

- Sy besigheid kan deur die Departement van Gesondheid gesluit word.
- Hy kan beboet word weens nalatigheid.

4.6 4.6.1

- Beide kan een eienaar hê.
- Beide betaal meer belasting.
- Beide kan regserkenning, inligting en registrasiedokumente op CIPRO se webwerwe kry.
- Beide kan hul name by die CIPC registreer. (5)

4.6.2

- ’n Alleeneienaar is nie ’n afsonderlike regsentiteit nie, terwyl ’n private maatskappy is.
- ’n Alleeneienaar is nie ’n afsonderlike belastingbetaler nie, maar ’n private maatskappy is.
- Ouditering word volgens wet nie vir ’n alleeneienaar vereis nie, maar wel vir ’n private maatskappy.
- ’n Alleeneienaar benodig nie baie aanvangskoste nie, maar ’n private maatskappy het.
- ’n Alleeneienaar is maklik om op te stel, terwyl ’n private maatskappy meer ingewikkeld is.
- ’n Alleeneienaar is alleenlik verantwoordelik vir alle skuld, maar in ’n private maatskappy is dit nie die geval nie.

(5)

4.7 **1. Inhoudsopgawe**

Hierdie afdeling sluit al die hoofopskrifte van die sakeplan in, asook die bladsye waar jy hulle sal kry.✓ Dit help die leser om die bladsye te kry na die gedeeltes waarna hulle vinnig wil kyk.✓

2. Uitvoerende opsomming

Hierdie afdeling is die mees kritieke gedeelte van die sakeplan.✓ Baie sakeplanlesers sal eers die uitvoerende opsomming lees en dan besluit of hulle deur die res van die sakeplan wil lees.✓

3. Algemene maatskappybeskrywing

Hierdie afdeling gee ’n hoëvlakoorsig van die maatskappy en die besigheid waarmee dit sal doenig wees.✓

4. Die geleentheid, bedryf en mark

Hierdie afdeling is waar jy van die insigte wat jy bymekaargemaak het,✓ aan die bedryf, die markte en die geleenthede kommunikeer uit die sistematiese navorsing wat jy gedoen het voor jy die sakeplan geskryf het.✓
Die geleentheidafdeling beskryf:

- Die gaping wat in die mark bestaan✓
- Wat die gaping veroorsaak het en hoe dit geïdentifiseer is✓
- Hoe dit gevul kan word✓

Die bedryfafdeling beskryf:

- Wat die hindernisse is om in die bedryf in te kom✓
- Hoeveel mag die kliënte het✓
- Hoeveel mag die verskaffers het✓

Kopiereg voorbehou

- Of daar vervangingsaanbiedings vir die produk of diens is✓
- Wie die mededingers is en hoe sterk die mededinging is✓
- Wat die groot veranderings in die bedryf is✓

Die markafdeling beskryf:
Jou insigte in die mark en jou fokus op die kliënte vir jou produk of diens.✓

5. Strategie
Dit is waar jy beskryf hoe die besigheid in die gekose mark sal meeding.✓
Hierdie afdeling beskryf die strategieë soos:

- Die fokus van die besigheid✓
- Hoe die besigheid in die mark suksesvol sal wees✓
- Wat uniek is van die besigheid✓
- Wat die waarde vir die kliënte is✓

6. Besigheidsmodel
Hierdie afdeling beskryf die winsmaaksegment van die besigheid.✓ Dit is die kern van die besigheid se sukses.✓ Dit beskryf die belangrike aspekte van die besigheidsmodel wat in 'n gekonsolideerde raamwerk✓ voorgestel word, wat die volgende wys:

- Bronne van inkomste✓
- Hoofkoste betrokke✓
- Winsgewendheid van die besigheid✓
- Belegging wat nodig is om die besigheid aan die gang te kry✓
- Kritieke suksesfaktore en aannames om die winsmodel te laat werk✓

***Slegs 1 punt word per toepaslike rede onder elke opskrif toegeken**

(6)

4.8
- Checkers Sixty60
- Pick n Pay asap
- Dis-Chem
- Clicks
- Takealot
- Mr D
- Enige ander toepaslike mededinger (2)


[40]

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Gebou-uitleg (1)

Kopiereg voorbehou

5.1.2 ADDENDUM ✓



✓

(2)

5.1.3 **As jy tydens 'n brand in 'n kantoor vasgekeer word:**

- Hou die deure oop sodat mense jou kan kry. Dit is nie reg dat jy die deur moet toemaak✓ om te verhoed dat die rook in die kamer kom en die brand vertraag nie.✓
- Seël krake en luggate. Dit is korrek,✓ want dit sal keer dat rook in die kamer kom.✓
- Maak al die vensters aan die binnekant van die kantoor oop. Dit is verkeerd.✓ Alle vensters moet toe wees om die hoeveelheid suurstof in die kamer te verminder; dit kan help om die brand te kwyn.✓
- Bly naby die deur. Dit is verkeerd;✓ jy moet wegbly van die deure waar rook kan inkom✓ en dit moeilik maak om asem te haal.✓ Jy moet naby die vensters bly om sigbaar te wees vir die nooddienste.✓
- Soek hulp: Hang 'n voorwerp by die venster uit om die brandweer se aandag te kry. Dit is korrek.✓
- Dit is soms veiliger om op een plek te bly. Dit is korrek.✓
- Probeer kalm bly totdat die brandweer jou red. Dit is korrek.✓

(7)

5.1.4

- Hoe om groot toerusting soos oonde en roosterplate reg te gebruik, insluitende watter beskermende klere gebruik of gedra moet word wanneer met die items gewerk word
- Wanneer om onderhoud op toerusting te doen en hoe om te kyk vir die volgende onderhoudsessie
- Hoe om elektrisiteit veilig te gebruik
- Hoe om LPG-gas veilig vir stowe te gebruik
- Hoe om messe reg te gebruik in die kombuis, en ook hoe om dit skerp te maak
- Skakel alle toerusting af voor dit uitmekaar gehaal word of skoongemaak word

(6)

Kopiereg voorbehou

- Enige ander relevante antwoord (Enige relevante 6 × 1)

5.1.5
- Om kliënte en personeel veilig te hou
- Om seker te maak dat die besigheid aan regsvereistes voldoen en dat die versekering skade of sterfte sal dek
- Om kliënte veilig te laat voel en om ’n hoë diensstandaard te handhaaf
- Om te verhoed dat die maatskappy kliënte verloor en dalk sluit as gevolg van ’n slegte reputasie
- Om aan gesondheids- en veiligheidstandaarde te voldoen
- Om personeel toe te rus om veiligheidstoerusting te hanteer, wat sal help om die maatskappy veilig te hou en skade in geval van nood te beperk (4)

5.1.6
- Gaste en personeel se hande is nie by die ingang ontsmet nie
- Dienspersoneel het nie sosiale tussenruimte gehandhaaf nie
- Dienspersoneel of gaste het hul maskers afgehaal toe hulle nie veronderstel was om dit te doen nie
- Ontoereikende sosiale tussenruimte tussen tafels
- Gebrek aan die ontsmetting van oppervlakke tussen kliënte
- ’n Persoon wat simptome gehad het, het nie geïsoleer nie

(Enige relevante 5 × 1) (5)

5.2 Versekering dat die kantoortoerusting,✓ inligting✓ en persoonlike items✓ veilig is teen diefstal of skade✓ (4)

5.3

BEPLANDE ONDERHOUD	PRAKTIESE VOORBEELD	NOOD-ONDERHOUD	PRAKTIESE VOORBEELD
• Toestelle moet gereeld nagegaan word om voortdurende veilige werking te verseker (1)	• Versiening van LPG-gaslyn • Versiening van lugversorgers • Versiening van verkoeling-stelsel (2)	• Herstelwerk aan items wat skielik onklaar geraak het of gebreek het, wat slegs deur ’n bevoegde persoon gedoen word deur die korrekte komponente te gebruik (1)	• Herstel van ’n verkoelings-eenheid wat nie werk nie • Herstel van ’n kookeenheid wat nie werk nie • Herstel van enige elektriese of meganiese voorbereidings-toerusting wat nie werk nie (2)

(6)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 155
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou